



Die Pad van Waarheid tot die Lewe

BESNYDENIS

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

Sh'ma Yisra'el Yahuah eloheinu Yahuah egad.

Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een

INHOUDSOPGAWE

O N D E R W E R P	BLS.
INLEIDING	1
DEFINISIE EN BETEKENIS	2
DIE OORSPRONG VAN BESNYDENIS	2
TOEPASSING EN LERING	3
SAMEWERKING	8
KOPIEREG	9

Inleiding

Vanaf die begin van die eerste-eeuse Kerk se bestaan was dit 'n strydpunt en rede vir verdeeldheid. Al verskil ons hieroor sal ons sien dat dit geen rede tot verdeeldheid is nie. Moenie dat julle verskille, verdeeldheid word nie!!

Ons sal sien dat sommige, soos Sha'ul, met hulle waarmee hy verskil het, kon saamwerk en net die verkeerde leer wat hulle verkondig het, aanspreek.

Dit is baie belangrik dat ons nie-emosioneel na leringe kyk en altyd die oorspronklike skeppingsdoel, die Koninkryk en ons rol daarin sal onthou en in agneem.

Definisie en betekenis

מול

Mool

- Definition:

1. to circumcise, let oneself be circumcised, cut, be cut off.

➤ H4135 מול **muwl** {mool} v.

- 1. **to cut short, i.e. curtail {specifically the prepuce, i.e. to circumcise}**
- 2. *{by implication} to blunt*
- 3. *{figuratively} to destroy*

"Justin Martyr, in the middle of the second century, still differentiated between Christians of Jewish origin who demanded that the gentiles observe *circumcision*, and the moderate ones who were ready to accept Christian believers who did not practice *circumcision*" {*Dialogus cum Tryphone* 47}

"According to Eusebius there were bishops of Jewish origin {*ex circumcissione* or one who had been circumcised} in the city until the time of Hadrian; Eusebius {*ibid.*, 3:5, 4} also tells of the flight of this community to Pella in Transjordan, shortly before the destruction of Jerusalem in 70 C.E." {*Historia Ecclesiastica*, 4:5}

Ons sien dat dit regdeur die geskiedenis 'n strydpunt was en steeds is.

Die Oorsprong van Besnydenis

Die Verbond van יהוה met Avram.

Gen 17:4-13

4 "Wat My betref, let op, Ek sluit My verbond met jou en jy sal die vader van 'n menigte nasies wees.

5 Jou naam sal ook nie meer Avram wees nie, maar jou naam sal Avraham wees, want Ek het jou 'n vader van 'n menigte nasies gemaak. ^{Rom 4:17} **6** Ek sal jou vrugbaar maak en jou uitermate oorfloedig vermeerder: Ek sal jou vader van baie nasies maak en konings sal uit jou lendene kom. **7** Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou, in hulle geslagte, as 'n ewige verbond: Ek sal vir jou God wees en vir jou nageslag ná jou.

8 Ek sal ook aan jou en jou nageslag ná jou die land, waar jy besoeker is, gee; die hele land Kena'an, as 'n ewige erfenis en Ek sal hulle God wees." **9** God het ook vir Avraham gesê: "Wat jou betref: jy moet My verbond nakom, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag **10** is dit My verbond wat jy moet nakom tussen My en jou en jou nageslag ná jou. **11** Dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. Julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word. ^{Yog 7:22}

12 Hy, onder julle, wat agt dae oud is, moet besny word, almal wat manlik is, in julle geslagte; die wat in jou huis gebore is en die wat nie van jou nageslag is nie, wat van enige vreemdeling met geld gekoop is.

13 Hy wat in jou huis gebore is en hy wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word en My verbond sal in julle vlees wees as 'n ewige verbond

Hier is dit belangrik om te let op wat die Verbond is = al Vader se beloftes aan Avraham = Dit is: Hy sal God wees en :9 Avraham se verantwoordelikheid = Om volk te wees = gehoorsaamheid.

Die besnydenis is dan as teken gegee van hierdie verbond :11. Die besnydenis is nie deel van die verbond nie, maar die fisiese teken van jou deel aan die verbond!!

Hierdie is 'n fisiese teken en ons sal aanstons sien hoekom dit belangrik is.

Die teken is simbolies aangebring op die plek waardeur die saad kom wat die nageslag deel maak van die verbond. Avraham se fisiese (deur die saad gekom) nageslag is al waarvan hier dus gepraat word. Hierdie teken word ook slegs hier, by die oorspronklike gee van die verbond met Avraham, genoem en nie nadat die volk die verbond verbreek het en Vader in Sy onverdiende guns die Nuwe Verbond met hulle gesluit het nie!!

Toepassing en Lering

Deut 10:14-17

14 Let op, aan יהוה, jou God, behoort die hemel, asook die hoogste hemele, die aarde en alles wat daarin is,

15 tog het יהוה 'n genot in julle vaders gehad, om vir hulle lief te wees en Hy het hulle saad ná hulle gekies, julle, bo al die volke, soos dit vandag is.

16 Besny daarom die voorhuid van julle verstand, wil en emosie en wees nie meer hardnekkig nie, [Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:29; Kol 2:11](#)

17 want יהוה, julle God, is God van die gode en Meester van die meesters; die groot Magtige God, kragtig en gevrees, wat die persoon nie aansien en geen omkoperij aanvaar nie; [1 Tim 6:15](#)

In die eerste verse bevestig dit ons stelling hierbo. Nou wys Vader ook dat Hy die ganse aarde besit en dat Sy begeerte is dat hulle verstand, wil en emosie besny sal word **omdat Hy geen persoon aansien nie.**

Deut 30:4-6

4 As jou verstrooides aan die einde van die aarde is, van daar sal יהוה, jou God, jou bymekaarmaak en van daar sal Hy jou terugbring.

5 יהוה, jou God, sal jou bring in die land wat jou vaders besit het en jy sal dit besit en Hy sal jou voorspoedig maak en jou vermenigvuldig meer as jou vaders.

6 Meer nog, יהוה, jou God, sal jou verstand, wil en emosie besny [Yir 4:4; Kol 2:11](#) en die verstand, wil en emosie van jou nageslag, om יהוה, jou God, lief te hê met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees sodat jy kan lewe. [Mar 12:30,33; Luk 10:27](#)

Nou word dit duidelik gestel dat die besnydenis van die verstand, wil en emosie en die gees LEWE gee. Hier word welliswaar gepraat van Yisra'el wat weer bymekaargebring gaan word. Hulle fisiese besnydenis het hulle wel deel van die verbond as volk gemaak, maar die geestelike besnydenis alleen gee lewe.

Yir 4:4 Besny julleself tot יהיה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y'udah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos 'n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade.”

Redding van hulle bose dade lê in die geestelike besnydenis en nie omdat hulle deel is van Yisra'el en Y'udah nie.

Hand 10:44-47

44 Terwyl Shim'on besig was om te praat, het die Gees wat Afgesonderd is op almal wat die boodskap gehoor het, gekom

45 en **die broers vanuit die besnydenis**, wat saam met Shim'on gekom het, was verstom en verbaas dat die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is ook oor die ander nasies uitgestort is,

46 want hulle het gehoor hoe hulle in verskillende tale praat en God grootmaak en Shim'on sê:

47 “Niemand kan die water keer dat hierdie mense, wat net soos ons die Gees wat Afgesonderd is ontvang het, gedoop word nie.”

Hand 11:2-3

2 en toe Shim'on opgaan na Yerushalayim, het die wat **uit ‘die besnydenis groep’ was, hom teëgestaan**

3 en gesê: “Jy het in die teenwoordigheid van onbesnede manne ingegaan en saam met hulle geëet.”

In hierdie 2 gedeeltes sien ons iets van die besnydenisgroep. Elke plek waar na hulle verwys word is dit duidelik dat hulle nie die hoofstroom gelowiges was nie, maar 'n groep wat uitgeken is oor 'n sekere leer wat anders is. Hulle was meesal Fariseërs wat in Yeshua geglo het en steeds die fisiese besnydenis as voorwaarde vir geloof verkondig het. Hulle het verklaar dat jy eers deel van Yisra'el as volk moet word, deur die besnydenis, voordat jy deel van God se gemeente kan wees. :45 – Hulle is as broers beskou – Shim'on Kefa, net soos Shaul, het geen probleem gehad om saam met hulle te werk nie al was dit duidelik dat hulle nie oor die besnydenis deel saamgestem het nie. – Hulle was verbaas, het dit dus nie verwag nie, dat God se Gees met 'onbesnedenes' omgaan. Net soos in 11:2 waar hulle Kefa teëgaan omdat hy met hulle omgegaan het. Hier is 'n belangrike aspek van wat die "Afgesonderdheid" van die nasie nou beteken. Dit is nie meer 'n fisiese afgesonderdheid wat simboliseer word deur die fisiese besnydenis nie, maar geestelike afgesonderdheid tussen hulle wat na die Gees besny is. Dit is dan ook die agtergrond van die gesprek en outoriteitsbesluit wat nodig was in Hfst 15.

Hand 15:2-3

1 Manne wat van Y'udah af gekom het, het die broers geleer: **“As julle nie besny word, volgens die tradisie van die wet nie, kan julle nie lewe hê nie.”**

2 Hieroor het daar 'n groot opstand en woordewisseling van die **kant van Sha'ul en Bar-Nabba teen hulle ontstaan** en daar is besluit dat Sha'ul, Bar-Nabba en nog sekere ander van hulle, sou opgaan na die afgevaardigdes en oudstes in Yerushalayim, in verband met hierdie vraagstuk.

Hand 15:5 maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: **“Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en beveel word om die wet van Moshe te onderhou.”**

Hier bevestig hulle die leer soos ons bo genoem het.
Sha'ul en ander het nie met hulle saamgestem nie.
Die gesprek gaan oor 2 dinge: Besnydenis en die Wet van Moshe (Def. later)

Hand 15:8-11

8 en God, wat die verstand, wil en emosie ken, **het aangaande hulle getuig** deur aan hulle die Gees wat Afgesonderd is te gee net soos aan ons.

9 Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle verstand, wil en emosie gereinig het deur vertroue. Num 15:14-16; Yes 56:7; Rom 9:7,8; Rom 11; Efe 2:13-18

10 Nou waarom toets julle God deur op die nek van die studentevolgelinge 'n juk te lê wat nie ons vaders of ons in staat was om te dra nie?

11 Ons vertrou dat ons, deur die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, lewe ontvang deur vertroue, net soos hulle.”

Net eers hierdie gedeelte. God het hulle aanvaarbaarheid in die Koninkryk sonder fisiese besnydenis bevestig en verklaar dit gebeur deur vertroue en bevestig dit in :11 na die moeilike gedeelte. Sê die Afgevaardigdes hier dat die wet van God 'n juk was wat hulle nie kon dra nie? Nee, verwerplike gedagte, ons moet verder kyk waarvan hulle praat.

Hand 15:24 Ons hoor dat sommige wat vanaf ons uitgegaan het, julle met boodskappe, wat ons hulle nie beveel het nie, ontstel en julle gees omgekrap het deur te sê dat julle die godsdienstige gebruike moet onderhou en besny moet word.

Die besnydenis het hulle in die verkose volk ingesluit wat die opdrag gehad het om die voorbeeld te wees van wat God se wil is aan alle nasies. Verder het ander die Wet van God deur interpretasie met 'n klomp ander wette belas wat nie nagekom kon word nie en net 'n las was. Dit is hoekom :24 verwys na godsdienstige gebruike. Dit is baie keer die wet van Moshe genoem wat verkeerd is want die Woord verklaar self dat God Sy wet deur Moshe gegee het. Ek glo dit sal nou baie meer sin maak.

Hand 15:19-21

19 As gevolg hiervan sê ek dat ons hulle, wat vanuit die ander nasies na God toe gedraai word, nie verder moet belas nie,

20 maar aan hulle skryf dat hulle hul moet afsonder van dié dinge wat deur afgode besoedel is, van alle seksuele immoraliteit, van wat verwurg is en van bloed,

21 want van die vroegste geslagte af is daar in elke stad diégene wat Moshe verkondig, terwyl hy elke Shabbat in die bymeakaarkomplekke gelees word.” Lev 17-19

Die wet soos deur Moshe ontvang, word gelees uit Moshe se boeke – niks anders is nodig nie. Weens die gebruike en tyd word 'n paar praktiese dinge genoem wat probleme is van die tyd.

Hand 16:1-3

1 Hy het ook in Derbe en Lustra gekom waar 'n studentevolgeling met die naam van Timotheos was, die seun van 'n Joodse vrou, wat vertrou het en sy vader was 'n Arameër.

2 Al die studentevolgelinge vanaf Lustra en Ikonion het van hom getuig.

3 Sha'ul wou hê dat hy saam met hom moes gaan en hy het hom gevat en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was, want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Arameër was.

Hand 21:21 Dit is, aangaande jou, aan hulle vertel **dat jy al die Jode onder die ander nasies** leer om hulle af te sonder van Moshe deur te sê dat hulle hul kinders nie moet besny nie en ook nie volgens die gebruike van die wet moet leef nie.

Die tweede vers is duidelik genoem as 'n vals beskuldiging en die eerste noem Tomotheus as 'n Jood omdat sy Moeder 'n Jood is. Ek glo dat die fisiese teken aan die fisiese nageslag gegee is as teken van die Volk se Verbond met God en elke gebore nageslag van Avraham behoort dit na te kom **solank ons duidelik verstaan dat dit nie redding gee nie en Lewe slegs deur vertroue in Yeshua se sondoffer kom.**

Rom 2:23-29

23 Jy wat jou op die geskrewe wet beroem, beledig jy God deur die geskrewe wet te oortree?

24 Volgens wat geskryf is: 'Dit is as gevolg van julle dat die ander nasies sleg praat van die Karakter en Outoriteit {Naam} van God,' [Yes 52:5](#); [Yeg 36:20](#)

25 want die besnydenis is wel 'n voordeel as jy die geskrewe wet volkome gehoorsaam, maar as jy afwyk van die geskrewe wet, het jou besnydenis onbesnedenheid geword.

26 Let op, as die onbesnedenene die opdragte van die geskrewe wet nakom, word sy onbesnedenheid gereken as besnydenis

27 en sal hy wat onbesnede is en die opdragte van die geskrewe wet volkome doen, wat natuurlik is, jou wat besny is en die wet op skrif het, maar dit oortree, nie oordeel nie?

28 Hy is nie 'n Jood wat dit in die uiterlike is nie en dit is nie besnydenis wat in die vlees gesien word nie. [Lev 26:41](#); [Yir 9:24](#)

29 **Inteendeel, hy is 'n Jood wat dit in die binneste is en besnydenis is dié van die verstand, wil, emosie en die gees, nie volgens die geskryfte nie sodat sy eer en lof nie van mense is nie, maar van God.** [Deut 10:16](#); [Yir 9:24,25](#); [Yo'el 2:13](#); [Gal 5:2-6](#); [Kol 2:11](#)

Rom 4:7-13

7 "Geseënd is hulle wie se oortredings van die wet verwyder is en wie se sondes toegedek is.

8 Geseënd is die man vir wie God die sonde nie bereken nie." [Ps 32:1-2](#)

9 Hierdie seën dan, is dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: '**Deur Avraham se vertroue is hy onpartydig opreg gereken.**'

10 Hoe is dit dan bereken? Toe hy besnede of onbesnede was? Nie as besnedenene nie, maar as onbesnedenene.

11 Hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van sy onpartydige opregtheid deur vertroue, toe hy nog nie besny was nie sodat hy die vader kon wees van almal wat vertrou terwyl hulle onbesnede is sodat dit ook vir hulle as onpartydige opregtheid gereken kon word

12 en net so ook is hy 'n vader van dié besnedenes wat nie alleen fisies besny is nie, maar ook loop in die voetspore van vertroue van ons vader Avraham, toe hy nog onbesnede was,

13 want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het nie Avraham, of sy nageslag, [Gen 15:3-5](#) deur die geskrewe wet verkry nie, maar deur die onpartydige opregtheid wat uit vertroue kom,

Rom 15:7-11

7 As gevolg hiervan moet julle mekaar aanvaar en verdra, net soos Die Gesalfde Een julle ook aanvaar het tot die eer, lof en aanbidding van God.

8 Ek sê dat Yeshua, Die Gesalfde Een, 'n Dienaar geword het van die besnydenis ter wille van die waarheid van God, om so die belofte aan die vaders te bevestig.

9 Die ander nasies sal ter wille van Sy onverdiende guns God kan eer, loof en aanbid, soos geskrywe is: "Ek sal U loof saam met die ander nasies en tot U Karakter en Outoriteit lofprysing sing." [2 Sh'm 22:50](#); [Ps 18:50](#)

10 Ook sê dit: "Verbly julle, nasies, saam met Sy volk." [Deut 32:43](#)

11 Ook sê dit: "Loof יהודה, alle nasies en prys Hom, alle volke." [Ps 117:1](#)

1 Kor 7:17-19

17 Elkeen moet leef met dit wat יהיה hom gegee het, net soos elkeen was toe God hom geroep het en so beveel ek in al die gemeentes.

18 Was iemand besny toe hy geroep is, moet hy nie terugkeer na onbesnedenheid nie. Was iemand onbesny toe hy geroep is, moet hy hom nie laat besny nie.

19 Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die uitvoer van die opdragte van God, is wat tel.

Gal 2:3-5

3 Titos, wat by my was en 'n Arameër is, is nie gedwing om besny te word nie,

4 ten spyte van valse broers, wat ingesluit het om op ons vryheid te spioeneer wat ons in Die Gesalfde Een, Yeshua, het sodat hulle ons slawe kon maak;

5 teenoor wie ons egter nie 'n oomblik in ondergeskiktheid toegegee het nie sodat die waarheid van die goeie boodskap by julle kon voortgaan.

Ek dink dat dit duidelik is in die verse dat wat ons hieroor gesê het hierbo, bevestig word. Lees versigtig en elke deel sal bevestig word.

Gal 5:1-6

1 Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie.

2 Let op, ek, Sha'ul, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Die Gesalfde Een vir julle geen voordeel inhou nie ^{Deut 10:16; Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:29; Kol 2:11}

3 en ek getuig dit weer aan elke mens wat besny is dat hy verskuldig is om die hele geskrewe wet na te kom.

4 As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van Die Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af,

5 want ons, deur die seëning van die Gees, wat deur vertrou is, bly in die aktiewe verwagting tot onpartydige opregtheid,

6 want in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, is nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige iets, maar vertrou wat deur liefde volmaak gemaak is.

Hier noem Sha'ul die kern van die probleem wat ons ook sien. As jy fisies besny wil word stel jy jou onder die fisiese reëls en verlossing uit die fisiese. Sien ook Gal 6 se verse hierna. Nou is jou afhanklikheid en vertrou nie meer op Hom nie. Die volgende vers bevestig ook dat Sha'ul glad nie meer besnydenis as vereiste verkondig het nie.

Gal 5:11-14

11 Ek, my broers, as ek steeds die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolgt? Dan is die struikelblok van die kruisiging tog vernietig!

12 Ek wens dat dié wat julle moeilikheid gee, afgesny sal word,

13 want julle is tot vryheid geroep, my broers; moet net nie dat julle vryheid geleentheid vir die vleeslike natuur is nie, maar julle behoort mekaar deur liefde te dien,

14 want die hele geskrewe wet word deur een boodskap volledig gemaak: "Jy moet jou medemens liefhê net soos jouself," ^{Lev 19:18}

Gal 6:12-15

12 Dié wat in die menslike natuur wil roem, dié dwing julle om julle te laat besny, want net in die besnydenis sal hulle nie vervolgd word in Die Gesalfde Een nie,

13 want selfs nie hulle wat besny is, gehoorsaam die wet nie, maar hulle wil dat julle besny word sodat hulle in julle liggame kan roem,

14 maar wat my betref: ek sal nie roem nie, behalwe in eenheid met die kruisiging van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, deur Wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld,

15 want nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid het enige waarde, maar 'n nuwe skepping het.

Fil 3:2-3

2 Wees versigtig vir honde; wees versigtig vir werkers van boosheid; wees versigtig vir die vleeslike besnyers,

3 want óns is die besnydenis, die van ons wat God in die Gees dien en roem in Yeshua, Die Gesalfde Een en ons vertrou nie op die vlees nie;

Dit word duidelik as 'n misleiding uitgewys.

Kol 2:11 In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van Die Gesalfde Een. Deut 10:16; Deut 30:6; Yir 9:24; Yeg 44:7,9; Yo'el 2:13; Rom 2:29; Gal 5:2-6

Daarom kan ons met vrymoedigheid verklaar. Ek is besny in Hom en het deel aan Sy feeste en beloftes.

Samewerking

Kol 4:10-11

10 Aristargos, my medegevangene, groet julle en Markos, die seun van die oom van Bar-Nabba, aangaande wie julle opdragte gekry het, as hy by julle kom, ontvang hom;

11 ook Y'hoshua wat Youstos genoem word, manne wat uit die besnydenis is. Hulle alleen is my medewerkers vir die Koninkryk van God en hulle was 'n versterking vir my.

Tit 1:9-11

9 die lering van die boodskap van vertrou moet vir hom belangrik wees sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te versterk en te vertroos, sowel as om dié wat twissoekkerig is te berispe,

10 want daar is baie wat nie gehoorsaam is nie; hulle woorde is leeg en hulle mislei die gedagtes van mense, veral dié wat vanuit die besnydenisleer is.

11 Hulle mond moet gestop word, want hulle vernietig baie huishoudings en leer wat nie reg is nie, ter wille van vuil wins.

Hier is dit duidelik dat Sha'ul saam met die groep uit die besnydenis gewerk het, maar ook dat hy nie bang was om verkeerde leringe aan te spreek nie. Ons kan minder verdeeldheid ervaar as ons hierby leer.

Kopiereg

Kopiereg op die inhoud behoort aan die Lewende, Skepper-God, יהוה, alleen.
U is welkom om dit onveranderd te gebruik in enige leer of skrywe, met erkenning:
"Die Pad van Waarheid tot die Lewe" of net "PWL".

Geen deel hiervan mag verkoop word nie. Sy Woord is gratis.
Hierdie lering is gratis aflaaibaar vanaf die webwerf of by ons persoonlik te kry.

Besoek ons by: <http://www.padwlewe.ch> vir meer inligting oor die PWL-vertaling wat gebruik word.

Enige navrae kan gerig word aan gerrie@padwlewe.ch

*"Hulle aan wie Hy nie verkondig is nie,
sal sien en hulle wat nie gehoor het nie,
sal verstaan."*